

**R G N**

**die voertaal (medium van on-  
derrig) in 'n stelsel van  
gedifferensieerde onderwys**

**raad vir geesteswetenskaplike navorsing**

001.3072068

HSRC



# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

\*

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

## Institute en Departemente van die RGN

- Instituut vir Geskiedenisnavorsing
- Instituut vir Kommunikasienavorsing
- Instituut vir Mannekragnavorsing
- Instituut vir Navorsingsontwikkeling
- Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
- Instituut vir Psigometriese Navorsing
- Instituut vir Sosiologiese Navorsing
- Instituut vir Statistiese Navorsing
- Instituut vir Taal, Lettere en Kuns
- Departement van Inligting en Spesiale Dienste
- Strasie

Klasnr./Class No.		Registrnr./No.
001.3072068	HSRC 0.6	51122/6
<b>RGN</b>		<b>RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING</b>
<b>BIBLIOTEEK LIBRARY</b>		
<b>HSRC</b>		<b>HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL</b>

lineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien  
insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

**DIE VOERTAAL (MEDIUM VAN ONDERRIG)  
IN 'N STELSEL VAN GEDIFFEREN-  
SIEERDE ONDERWYS**

*J. H. C. OOSTHUIZEN, B.A., M.Ed.*

*INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING*

*DIREKTEUR: J. B. HAASBROEK*

0000012060



PRETORIA

2844363866



1970

Verslag Nr. 06

001.3072068 HSRC 0 6



\* 0 0 5 2 0 6 \*

HSRC

BIBLIOTHEEK  
LIBRARY

HSRC

1981-08-17

STAFKODE  
001.3072068  
HSRC 0 6

NUMMERNOMMER

BEITELNOMMER

051122

G

6



## VOORWOORD

Die twee landstale, Afrikaans en Engels, geniet absoluut gelyke status as ampstale in die Republiek van Suid-Afrika. Die deeglike wyse waarop die regte van die twee tale in die grondwet verskans is, waarborg dan ook hul voortbestaan as landstale op gelyke grondslag.

Uit die aard van die lewensopset hier te lande, is Afrikaans- en Engelssprekendes voortdurend op mekaar aangewese. Die noodsaak vir doeltreffende kommunikasie wat hieruit voortspruit, vereis van albei taalgroepe 'n hoë mate van mobiliteit op taalvlak in beide ampstale.

In hierdie verband moet die skool 'n uiters belangrike funksie verrig. Die fondament vir ware tweetaligheid word juis in die skool gelê deur doeltreffende skoolonderrig in die amptelike tale. Nou is daar persone wat die mening toegedaan is dat tweetaligheid bevorder kan word deur die tweede landstaal ook as voertaal by die aanbieding van sekere vakinhoud te span. Genoemde standpunt kan moeilik gerym word met die algemeen aanvaarde mening dat die moedertaal die aangewese medium is, waardeur die kind in ontmoeting behoort te tree met die vormsisteme wat deur die volwassene daargestel is.

In die beplanning van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel moet dus ook met die gelykberegting van die ampstale sowel as die strewe om 'n hoë graad van tweetaligheid te bewerkstellig, rekening gehou word. Nogtans mag nooit uit die oog verloor word dat die belangrikste funksie van die skool nie is om tweetaligheid te bevorder nie, maar om leerlinge te onderrig en op te voed, om hul aldus in staat te stel om hul plek as volwaardige landsburgers vol te staan.

Dit was dus nodig om in die onderhawige stuk vanuit prinsipiële gronde helderheid te verkry oor die kind se gemoeidheid met eie-taal as onmisbare verkennings-, ordenings- en toeëieningsmiddel, sowel tydens die voorskoolse periode as tydens die skoolse bemoeienis.





Vervolgens is die praktiese reëlings ten aansien van voertaal en tweede taal in enkele twee- of meertalige lande (waaronder ook Suid-Afrika) onder die soeklig geplaas.

Die wyse waarop die onderskeie owerhede in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika tans voorsiening maak vir moedertaalonderwys is kortliks aangedui, met die oog daarop om later sekere moontlike verbeteringe aan te beveel.

Vervolgens is aangetoon presies wat onder ware moedertaalonderwys verstaan behoort te word, met die oog op die toetsing van die bestaande aan die ideale.

Die aanbevelings insake voertaal, ouerkeuse in die bepaling van voertaal, vakinhoude, asook die aard en wese van die skoolstelsel en die soort skole waarin ware moedertaalonderwys tot sy reg sal kan kom, sal ernstige oorweging moet geniet in die beplanning van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys.

*Amv. Roobertse.*  
PRESIDENT.





HOOFSTUK 1	PROBLEEMSTELLING	
1.1	DIE GEFORMULEERDE DOELSTELLINGS MET GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS	1
1.2	TAAL AS HULPMIDDEL VIR EIE-WÊRELDSTIGTING	1
1.3	MOEDERTAAL AS VOERTAAL	1
1.4	'N PRINSIPIËLE STELLINGNAME OOR VOERTAAL	2
1.5	SAKE WAT SIG AS PROBLEMATIES VOORDOEN IN DIE VOERTAALREELINGS IN SUID-AFRIKA	2
1.6	DIE IMPLIKASIES VAN MOEDERTAALONDERWYS	3
2	DIE KIND SE GEMOEDHEID MET TAAL AS EVIDENSIE VAN MEDE-MENSLIKE BETROKKENHEID MET WÊRELD	4
2.1	INLEIDING	4
2.2	DIE KIND AS MENS-IN-DIE-WÊRELD	4
2.3	DIE KIND AS MENS-MET-TAAL-IN-DIE-WÊRELD	4
2.4	DIE KIND AS MENS-MET-TAAL-IN-DIE-SKOOLSE-WÊRELD	5
2.5	TAALREMMINGE EN TAALTEKORTE BY DIE KIND WREK HUL OP SY OPVOEDING EN ONDERRIG	6
2.6	TAAL AS ONMISBARE VERKENNINGS-, ORDENINGS- EN TOEELIENINGSMIDDEL	7
3	DIE "PROBLEEM" VAN VOERTAAL EN TWEEDE TAAL IN TWEE- OF MEERTALIGE LANDE	10
3.1	INLEIDING	10
3.1.1	Die "probleem" ten aansien van voertaal en tweede taal in eentalige lande	10
3.1.2	Die "probleem" ten aansien van voertaal en tweede taal in twee- of meertalige lande	11
3.2	DIE "PROBLEMATIESE" TEN AANSIEN VAN VOERTAAL EN TWEEDE LANDSTAAL IN SUID-AFRIKA	11
3.3	NADELE VERBONDE AAN DIE GEBRUIK VAN DIE TWEEDE TAAL AS VOERTAAL	13
3.4	SAMEVATTING	14

4.6	FINLAND (12, bl. 21)	18
4.6.1	Primêre onderwysvlak	18
4.6.2	Sekondêre onderwysvlak	18
4.7	HONGARYE (12, bl. 27)	19
4.8	BYELO-RUSSIESE SOWJET SOSIALISTIESE REPUBLIEK (12, bl. 19)	19
4.9	RUSLAND (USSR) (12, bl. 42)	19
4.10	NEWERLAND (12, bl. 33)	19
4.10.1	Primêre onderwysvlak	19
4.10.2	Sekondêre onderwysvlak	20
4.11	SAMEVATTING	20
5	DIE WYSE WAAROP DIE ONDERSKEIE ONDERWYSOWER- HEDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA VOORSIENING MAAK VIR ONDERRIG DEUR MEDIUM VAN DIE MOEDERTAAL, ASOOK DIE MATE WAARIN DIE OUER TOEGELAAT WORD OM 'N VOERTAAL- KEUSE TE MAAK	21
5.1	INLEIDING	21
5.2	REËLINGS INSAKE VOERTAAL, ASOOK DIE WYSE WAAR- OP BEPAAL WORD WELKE TAAL AS VOERTAAL SAL DIEN	21



HOOFSTUK 5.2.1	Ordonnansies en bepalings	21
5.2.2	Samevatting	21
5.3	DIE TOELAATBAARHEID DAARVAN OM VAN VOERTAAL TE VERANDER EN DIE OUER SE SEGGENSKAP IN SO 'N VERANDERING	22
5.4	DIE SOORTE SKOLE, VOLGENS MEDIUM VAN ONDERRIG, WAARVOOR DIE ONDERWYSORDONNANSIES TANS VOORSIE- NING MAAK	23
5.4.1	Enkelmediumskole	23
5.4.2	Parallelmediumskole	24
5.4.3	Voorsiening vir dubbelmediumonderrig	24
5.5	SAMEVATTING	25
6	MOEDERTAAL AS VOERTAAL IN 'N STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS	26
6.1	INLEIDING	26
6.2	MOEDERTAALONDERWYS	26
7	BEVINDINGS EN AANBEVELINGS	29
7.1	BEVINDINGS INSAKE VOERTAAL	29
7.2	AANBEVELINGS INSAKE VOERTAAL	29
7.3	BEVINDINGS INSAKE OUERKEUSE IN DIE BEPALING VAN VOERTAAL	30
7.4	AANBEVELINGS INSAKE OUERKEUSE BY DIE BEPALING VAN VOERTAAL	31
7.5	BEVINDINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE VAKIN- HOUDE, DIE AARD VAN DIE SKOOLSTELSEL, EN DIE SOORT SKOLE WAT VEREIS WORD OM MOEDERTAAL- ONDERWYS WAARLIK TOT SY REG TE LAAT KOM	31
7.5.1	Bevindings en aanbevelings insake vakinhoud	31
7.5.2	Bevindings en aanbevelings oor die aard van die skoolstelsel	32
7.5.3	Bevindings en aanbevelings insake die soorte skole	32

PROBLEEMSTELLING

1.1 DIE GEFORMULEERDE DOELSTELLINGS MET GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Die geformuleerde doelstellings met gedifferensieerde sekondêre onderwys is om aan leerlinge -

- (1) onderwys te verskaf ooreenkomstig hul vermoëns, sodat hul tot volle ontplooiing kan kom;
- (2) onderwys te verskaf wat sal aansluit by die eise wat gestel word met betrekking tot naskoolse opleiding; en
- (3) onderwys te verskaf met 'n Christelike en nasionale inslag, sodat die algemene vorming van die leerling verwesenlik kan word (1, bl. 233; 2, bl. 41).

1.2 TAAL AS HULPMIDDEL VIR EIE-WERELDSTIGTING

Reeds in die voorskoolse opvoedingsituasie tree die kind met taal as hulpmiddel in ontmoeting met die hom-omringende wêreld. In die formele skoolse situasie word van die kind verwag om in ontmoeting te tree met die aangebode leerstof, met die oog op die toeëiening en verowering daarvan. Met taal as onmisbare ontmoetings-, orderings- en veroweringsmiddel, stig die kind vir hom 'n eie-wêreld en maak 'n deurbraak na die toekomstige.

1.3 MOEDERTAAL AS VOERTAAL

In eentalige lande word dit as vanselfsprekend aanvaar dat die landstaal, wat uiteraard gewoonlik ook die moedertaal van alle leerlinge is, die aangewese voertaal is waardeur die kind die vormsisteme van die volwassene sy eie moet maak. In alle twee- of meertalige lande egter, ontstaan die vraag oor watter een van die tale by die aanbieding van leerstof as medium moet dien. Met die oog daarop dat dit die doel in die Republiek van Suid-Afrika is om te verseker dat leerlinge tot maksimale ontplooiing van hul vermoëns asook tot kulturele gevormdheid sal kom, lyk dit belangrik dat die kind in ontmoeting sal tree met die aan hom nog grootliks onbekende omringende wêreld, deur medium van die taal wat hy die heel beste verstaan.

Veral in 'n land soos die Republiek van Suid-Afrika, waar tweetaligheid as uiters belangrik geag word, is dit nodig om die onmisbare rol wat taal speel, by die ontplooiing en gedying van

'n kind tot uiteindelijke volwaardige volwassenheid, vanuit prinsipiële standpunt te benader. Daar skuil baie groot gevaar in 'n bloot utilitêre benadering wat sig blind staar op die nuttigheidswaarde van voldoende beheersing van die twee landstale. Nog groter gevaar skuil in die standpunt dat genoemde beheersing van albei landstale beskou kan word as voorwaarde vir, of selfs as sinoniem met gevormdheid en opgevoedheid - ja, selfs as voorwaarde vir volwaardige volwassenheid. So 'n stellingname sou aanleiding daartoe kon gee dat sekere prinsipiële doelstellings met opvoeding en onderwys ondergeskik gestel, en selfs opgeoffer word aan die utilitarisme, wat uit ander as opvoedkundige oorwegings tweetaligheid tot opvoedingsdoel verhef.

#### 1.4 'N PRINSIPIELE STELLINGNAME OOR VOERTAAL

'n Prinsipiële stellingname in verband met voertaal vereis van die Suid-Afrikaner dat hy hom vir 'n wyle sal distansieer van die blote nuttigheidswaarde van tweetaligheid en die aandag sal toespits op die kind se gemoeidheid met eie-taal as onmisbare verkennings-, ordenings- en veroweringsmiddel, met die oog op toekomsstigting. As vertrekpunt vir so 'n stellingname kan dien 'n besinning oor -

- (1) die kind as mens-in-die-wêreld,
- (2) die kind as mens-met-taal-in-die-wêreld,
- (3) die kind as mens-met-taal-in-die-skoolse-wêreld,
- (4) die wyse waarop taalremminge en taaltekorte by die kind hul wreek op sy opvoeding en onderrig, en
- (5) taal as onmisbare verkennings-, ordenings- en toeëieningsmiddel.

#### 1.5 SAKE WAT SIG AS PROBLEMATIES VOORDOEN IN DIE VOERTAALREËLINGS IN SUID-AFRIKA

Vervolgens sal aandag gewy word aan enkele sake wat probleme skep in die voertaalreëlins in die Republiek van Suid-Afrika. Die praktyk in verband met voertaalreëlins sowel in Suid-Afrika as in enkele oorsese meertalige lande sal aan die hand van voorbeelde toegelig word.

1.6 DIE IMPLIKASIES VAN MOEDERTAALONDERWYS

Laastens sal stilgestaan word by -

- (1) moedertaal as die enigste pedagogies-didakties verantwoordbare voertaal,
- (2) die volle implikasies van die term "moedertaalonderwys", en
- (3) die soorte skole waarvoor voorsiening gemaak sal moet word, om uitvoering te kan gee aan die beleid van moedertaalonderwys, soos neergelê in die wet.

## HOOFTUK 2

### DIE KIND SE GEMOEDHEID MET TAAL AS EVIDENSIE VAN MEDE-MENSLIKE BETROKKEHEID MET WÊRELD

#### 2.1 INLEIDING

Die kind se gemoeidheid met taal, sowel in die voorskoolse as in die geformaliseerde skoolse wêreld, kan vanuit verskeie fasette belig word. Enkele van genoemde fasette word vervolgens kortliks bespreek.

#### 2.2 DIE KIND AS MENS-IN-DIE-WÊRELD

Die oorspronklikste wesenskenmerk van die mens is sy in-die-wêreld-wees. Wie mens sê, sê meteens wêreld en 'n verwysing na die wêreld impliseer meteens mens. Hierdie relasie tussen mens en wêreld is met ander woorde so innig dat dit onjuis sou wees om die mens van sy wêreld te isoleer. Gebeur dit wel, dan hou die mens op om 'n besondere mens in die wêreld te wees (3, bl. 33).

Die wêreld waarvan hier sprake is, is dan ook geen konglomeraat van objekte soos beskryf in die taal van die natuurwetenskappe nie. Insgelyks is die bewussyn van die kind geen weerspieëlende voorstelling daarvan nie. Die wêreld is woonplaas, tuiste van die mens, die verwerking van sy subjektiwiteit (4, bl. 32). Hierdie wêreld waarin die kind hom al vanaf voor sy geboorte bevind, is deur die volwassene georden in denk- en vormsisteme, soos byvoorbeeld die taal en die religie. Die skoolvakke of kultuurtegnieke kan gesien word as 'n konkretisering van genoemde sisteme.

'n Greep op hierdie kultuursisteme van die volwassene se wêreld, as geordende wyse van lewe, is een van die voorwaardes waaraan daar in die skoolse leerwêreld, as plek van konfrontering met sisteme, voldoen moet word. Die lerende kind is dus op formele vlak besig om betekenis aan die leerstof as kultuursisteme te heg en só telkens 'n eie wêreld te konstitueer (5, bl. 213).

#### 2.3 DIE KIND AS MENS-MET-TAAL-IN-DIE-WÊRELD

Die gebruik van taal is een van die mees karakteristieke menslike funksies, wat nie alleen mens en dier onderskei nie, maar ook skeiding maak tussen mens en mens (6, bl. 211). Die kind betree nietemin die wêreld as taallose, wat oor geen taalvaardigheid beskik nie. Die Skepper het egter aan die mens bo die dier die



vermoë gegee om te artikuleer en om die taal wat aldus voortgebring word as kommunikasie-middel te gebruik. Die kind in sy aangesigtheid op 'n volwassene, word in sy omgang met volwassenes tot spraak opgeroep. Hy moet homself aan sy medemens verstaanbaar kan maak om as volwaardige individu te kan bestaan.

Met die oog op die verowering van die vormsisteme in die hom-omringende-wêreld, word dit van die kind vereis dat hy die taal moet aanleer. Hierdie leergebeure neem 'n aanvang om en by die twaalfde lewensmaand en binne die eerste drie tot vier jaar leer die kind 'n ingewikkelde stelsel van taalgewoontes aan - 'n prestasie wat hy daarna selde in sy lewe ewenaar (6, bl. 211). Die kind vorder geleidelik vanaf egosentriese spraak (met homself oor sy eie goed) tot gesosialiseerde spraak (met ander) (6, bl. 212), wat dien as voerbedding vir 'n volledige dialogiese bestaan.

Die taal is dus grondvoorwaarde vir die geestelike ontplooiing van die kind, want daarsonder sou daar weinig tereg kom van die opvoedings- en onderwysbemoediening, waardeur die volwassene die kind tot volwaardige volwassenheid wil bring. Taal is die middel waardeur die hoër verstandsfunksies uiting vind, dit is die onmisbare middel vir sosiale omgang tussen mense, dis die besondere menslike prestasie wat deur geen ander skepsel op aarde bereik kan word nie (6, bl. 211). Dit is die enigste en ook volledigste wyse waarop die mens aan sy wêreld betekenis kan gee - 'n wyse waarop hy sy wêreld vir andere kan oopstel en waardeur hy dié van andere kan betree.

#### 2.4 DIE KIND AS MENS-MET-TAAL-IN-DIE-SKOLSE-WÊRELD

By sy intrede in die skool beskik die kind reeds oor taal, alhoewel sy beheersing van sy moedertaal dikwels nog in vele opsigte gebrekkig is. Tog kan hy reeds sy gedagtes daarin tot uitdrukking bring en deur middel daarvan met sy medemens kommunikeer. Deur sy taal word die moontlikheid van ontmoeting met sy klasgenote, die onderwyser, die leerstof en die hom-omringende-wêreld daargestel. Deur middel van die taal begelei die opvoeder die opvoedeling langs die weg van die leerstof, na volwaardige volwassenheid.

Om begryplike redes mag die kind nooit stagneer in sy taalgebruik en taalbeheersing nie. Die lerende kind is op formele vlak gedurig besig om betekenis aan steeds moeiliker wordende leerstof

te heg, om aldus telkens 'n steeds verbredende eie-wêreld te konstitueer. Alleen op grond van 'n steeds verbredende beheersing en deur dinamiese benutting van sy moedertaal, kan die kind 'n behoorlike greep verkry op die skoolvakke wat deur die volwassene daargestel is as konkretisering van die formele kultuursisteme. Die kind behoort dus voortdurend in die geleentheid gestel te word om die beheersing van sy moedertaal, soos dit tot uiting kom in sy taalgebruik, te verbeter. Alleen op hierdie wyse kan ver-seker word dat die wêreld wat die kind in die skool tegemoet tree, vir hom 'n wêreld van betekenis sal wees, wat hom steeds tot verdere ontwerp sal uitnoodig en aan hom ook 'n antwoord op genoemde uitnodiging sal ontlok.

## 2.5 TAALREMMINGE EN TAALTEKORTE BY DIE KIND WREEK HUL OP SY OPVOEDING EN ONDERRIG

Die kind wat sy taal om een of ander rede nie volkome beheers nie, toon tekens van taaltekorte, wat op hul beurt ernstige remminge veroorsaak in sy pogings om die vormsisteme te begryp en te beheers. Taalgeremde leerlinge sal vanweë die taaltekort waaronder hul gebuk gaan, dit dwarsdeur hul skoolloopbaan uiters moeilik vind om kultuurtegnieke soos lees, skryf en spelling te bemeester. Gebrekkige bemeestering van genoemde basiese tegnieke sal op hul beurt weer remmend werk op die leerling se pogings om ander vakgebiede te bemeester. Bowendien dra swak taalbeheersing waarskynlik ook by tot die negatiewe leerintensie, die gebrekkige werkhouding en die vertroebelde toekomspektief, wat meermale by leerlinge met taaltekorte aangetref word.

Die toekoms lyk dikwels vir sodanige leerlinge ontoeganklik omdat hul dit moet tegemoet gaan vanuit 'n ongeordende verlede. 'n Geordende verlede veronderstel tog ook onder andere taalbeheersing en -gebruik as ordeningsmiddel, terwyl die toeganklikheid van die toekoms deels afhang van die beskikbaarheid van taal as veroweringsmiddel. Leerlinge wat vanweë onvoldoende taalbeheersing allerlei ernstige probleme, ja selfs volkome stagnasies in hul pogings om die leerstof te verower ervaar het en nog steeds ervaar, vrees dat die toekoms vir hul weinig anders as 'n reeks onheilspellende, verwarrende, tegemoetredende mislukkings inhou.

Alhoewel die taalgeremde kind ook toekomsgerig is, betree hy die toekoms met huiwering, omdat sy verlede-van-mislukkings-er-stagnasie hom as't ware dreigend uit die toekoms tegemoet tree. So

'n leerling sal hom in die reël nie wil waag aan 'n probleem wat aan hom gestel word nie. Hy durf hom nie van die bekende distansieer nie, omdat hy slegs oor 'n uiters gebrekkige herveroweringsmiddel beskik.

Onvolkome taalbeheersing, hetsy deur die leerling of deur die onderwyser, kan ook aanleiding daartoe gee dat die verstandhouding tussen onderwyser en leerling nie is wat dit behoort te wees nie. As die leerling weens gebrekkige taalbegrip die onderwyser nie kan verstaan nie, of as die onderwyser vanweë onvoldoende taalbeheersing homself nie verstaanbaar kan maak nie, is die kans dat die onderrig 'n suksesvolle verloop sal neem, uiters gering. Die wyse waarop die leerling konstituerend ten aansien van die leerstof sal optree, hang uiteraard in hoë mate af van die verstandhouding tussen leerling en leermeester. Indien die leerling dus vanweë onvoldoende kontak die onderwyser, wat vir hom identifikasiefiguur behoort te wees, sou afwys, dan sou die kans vir sukses in die onderrig uiters gering wees. Die onderwyser as waarde-draer bly steeds die persoon deur wie 'n leerling hom met die nuwe kultuurwaardegebiede moet identifiseer, met die oog daarop om genoemde waardegebiede sy eie te maak (7, bl. 231). Hierdie identifikasie met onderwyser en kultuurwaardes, veronderstel onder andere ook 'n hoë mate van mobiliteit en die minimum aan geremdheid, by sowel leerling as leermeester op die taalvlak, waarop hul gedurig goeie kontak moet kan maak om tot verstandhouding te kan kom.

Taalremminge en taaltekorte by die leerling dra dus daartoe by dat sy dialoog met die te-ontmoete-betekeniswêreld afgerem word tot 'n uitermate verskraalde dialoog, sodat die wêreld vir hom geen tot-antwoord-lokkende en betekenisvolle wêreld is nie. Waar die relasie kind-wêreld op hierdie wyse deur gebrekkige taalbeheersing vertroebel word, spreek dit vanself dat sodanige kind nie tot betekenisvolle selfproklamering en selfverwesening sal kan kom nie.

Onvoldoende taalbeheersing en die leermoeilikhede wat daarop volg, wræk hulle dus op die volle draagwydte van die kinderlike bestaan en bemoeilik in hoë mate sy op-weg-wees na volwassenheid.

## 2.6 TAAL AS ONMISBARE VERKENNINGS-, ORDENINGS- EN TOEËNIENINGSMIDDEL

Uit die voorafgaande beredenering blyk duidelik dat taal die onmisbare verkennings-, ordenings- en veroweringsmiddel is, met

die oog op stigting van 'n eie-wêreld deur die kind. Om hiertoe te kan kom, moet die kind die vormsisteme van die volwasse wêreld sy eie probeer maak, deur die beheersing van die geformaliseerde vakinhoude na te streef. Volkome mobiliteit in en volwaardige beheersing van die taal waarmee hy sy wêreld moet verken en dit sy eie moet maak, kan dus gesien word as ideale, indien nie as absolute vereiste nie, indien die kind nie gestrem moet word in sy op-weg-wees na volwaardige volwassenheid nie.

Die kind se eerste kennismaking met die hom-omringende wêreld vind deur sy moedertaal plaas, en sowel in die voorskoolse periode as gedurende sy skooljare bly dit steeds die beste en dus ook die aangewese middel vir sy opvoeding en onderrig, omdat dit die taal is wat hy die heel beste beheers, waarin hy oor die grootste mobiliteit beskik, waarin hy die beste kan dink en die suiwerste uitdrukking aan sy gedagtes kan gee. "Deur die moedertaal is die enkeling voelend, denkend en strewend gebonde aan die lot en roeping van sy volk, deur die taalonderrig as taalbeheersing word hy denkend, voelend en willend ingelei in die kultuurlewe, die geesteswêreld van sy volk en daar is geen ander weg wat lei tot die geestesvorming van die enkeling nie" (8, bl. 37).

"Langeveld wys .... daarop dat 'n belangrike deel van hierdie inleiding in die kultuur met behulp van die kinderlike en nog nie doelbewus gevormde taalbeheersing buite om die onderwys in die moedertaal as sodanig geskied, en wel deur die skool met sy talryke leervakke, deur die gesin en sy opvoedende invloede, deur die aanraking met ambagte, organe van administrasie en bestuur, jeugbewegings, die kerklike en politieke lewe" (8, bl. 36).

Daar dien dus op gelet te word dat die onbewuste inoefening van die kind se taalbeheersing, asook die bewuste inleiding in bepaalde kultuurgebiede, in allerlei lesse en uiteenlopende vakgebiede soos o.a. die geskiedenis, die religie, die wetenskappe en selfs die wiskunde, tot sy reg kan kom. Om die leerling in staat te stel om tot die besmoontlike beheersing van sy moedertaal as verkennings-, ordenings- en toeëieningsmiddel te kan kom, vereis dus van elke vakonderwyser dat hy in die eerste plek ook taalonderwyser sal moet wees.

"Ook die ander waardegebiede en hul uitdrukking in die taal is van die allergrootste belang in die taalonderwys. Taalbeheersing hou die aktiewe aanwering van alle kultuurinhoud in en is daarom die enigste weg tot voortbouing en skepping op al die terreine van die volkslewe. Taalonderwys .... beteken leiding aan die leerling op al die terreine van die volkslewe in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van sy volk, en wel op so 'n wyse dat die leerling die volle inhoud daarvan vir homself aktief toe-eien" (8, bl. 59).

Hierdie uitspraak dui daarop dat die kind nie tot maksimale beheersing van sy moedertaal kan kom deur dit bloot as vak te bestudeer nie, maar dat hy dit ook as voertaal in die verowering van die ander waardegebiede sal moet gebruik, indien hy tot ware optimale beheersing van sy moedertaal wil gedy.

"Dat ek in 'n taal gebore is, dat daardie taal in die moederstem my wieg omklink het, die mōredrome van my groeiende bewussyn daarin gekleur is en die towerstaf daarvan vir my 'n nog onbekende wêreld ontsluit het - dit alles beteken baie, maar dit beteken nog nie dat ek daarmee die taal van my volk beheers nie. Om dit te bereik, is nodig arbeid en ernstige toewyding" (Panzer, aangehaal deur Meyer; 8, bl. 62).



## HOOFSTUK 3

### DIE "PROBLEEM" VAN VOERTAAL EN TWEDE TAAL IN TWEE- OF MEERTALIGE LANDE

#### 3.1 INLEIDING

Die beginsel van onderwys deur medium van die moedertaal word vandag algemeen aanvaar as die mees verantwoorde en dus die aangewese wyse waarop die kind langs die weg van kennis na volwaardige volwassenheid begelei kan word. Desnietemin gaan daar selfs vandag nog in Suid-Afrika stemme op, wat die verantwoordbaarheid daarvan, om in 'n tweetalige land slegs een taal as medium by die onderrig van 'n gegewe taalgroep te gebruik, ten sterkste betwyfel.

Die stelling word dikwels gemaak dat dit in ons omstandighede meer realisties sou wees om ook die tweede amptelike taal as medium van onderrig te gebruik in sekere vakke. Volgens hierdie beskouing sou dit die aangewese weg wees om by albei taalgroepe 'n hoë mate van mobiliteit in albei landstale te bewerkstellig. Hierdie beskouing impliseer deels dat die huidige bedeling, waarin leerlinge moedertaalonderrig ontvang en die tweede amptelike taal slegs as vak onderrig word, nie tweetaligheid verseker nie en ook nie tred hou met verligte beskouings oor hierdie saak in ander twee- of meertalige lande nie.

#### 3.1.1 Die "probleem" ten aansien van voertaal en tweede taal in eentalige lande

In alle lande waar daar op grond van tradisionele gebruik of vanweë grondwetlike bepalings slegs een taal as landstaal of as amptelike taal erken word, is dit gebruikelik om genoemde landstaal deurgaans op pre-primêre-, primêre-, sekondêre-, sowel as tersiêre onderwysvlak as voertaal te gebruik. Geen landsbewoner wat aan hierdie opset gewoond is, twyfel dan ook vir selfs 'n oomblik aan die korrektheid en verantwoordbaarheid van genoemde manier van doen nie.

In eentalige lande sou die terme landstaal, amptelike taal, moedertaal, huistaal, voertaal en medium van onderrig, indien dit ter sprake sou kom, slegs uiteenlopende benamings wees vir een en dieselfde werklikheid. Die aanleer van 'n tweede taal

berus in eentalige lande op vrye keuse, dit geskied slegs op sekondêre onderwysvlak en "tweede" taal impliseer in sulke lande nie "tweede landstaal" nie. Gevolglik kan die tweede taal enige vreemde taal wees wat deur die skool as vak aangebied word.

### 3.1.2 Die "probleem" ten aansien van voertaal en tweede taal in twee- of meertalige lande

Die toestand in twee- of meertalige lande verskil egter wesenlik van die hierbo beskrewe opset, vanweë die feit dat daar twee of meer amptelike tale is wat gelyke wetlike erkenning geniet. Van die burgers van 'n tweetalige land word vereis dat hulle afgesien van hul moedertaal ook die ander landstaal in voldoende mate moet leer beheers. Dit word dan ook gewoonlik die skool ten taak gelê om voorsiening te maak vir die aanleer van die tweede landstaal deur alle leerlinge.

### 3.2 DIE "PROBLEMATIESE" TEN AANSIEN VAN VOERTAAL EN TWEDEDE LANDSTAAL IN SUID-AFRIKA

Die twee amptelike tale geniet volgens Artikel 108(1) van die grondwet, absoluut gelyke status, wat impliseer: volkome gelykberegtiging, in die alledaagse gebruik. Dit skep egter meteens die probleem van en die noodsaak vir tweetaligheid. Wat die skoolse bemoeienis betref, setel die probleem van tweetaligheid veral in die volgende:

- (1) Wat "moedertaal" is vir die een taalgroep, is "tweede" taal vir die ander.
- (2) Groot getalle immigrantekinders kompliseer genoemde opset nog meer, aangesien nie een van die twee tale vir hulle "moedertaal" is nie, omdat hül in die huis Duits, Frans, Portugees, Italiaans, Grieks of 'n ander taal praat. Vir hierdie groep sal die begrip "tweede taal" vanselfsprekend ander betekenis hê as vir gebore Suid-Afrikaners.
- (3) Van sowel gebore Suid-Afrikaners as van immigrante word nou verwag om op skool een van die amptelike tale as voertaal te gebruik en om die ander taal as vak te bestudeer, met die oog daarop dat hül in albei amptelike tale 'n redelike mate van tweetaligheid sal bereik.

Vir die skool as instansie wat die landsbeleid van tweetaligheid in die praktiese klaskamersituasie moet toepas, ontstaan daar

vrae soos die volgende waaroor uitsluitel verkry moet word:

- (1) Wat presies word bedoel met "tweetaligheid" en wanneer is 'n leerling "voldoende tweetalig"?
- (2) Hoe moet die skool te werk gaan om die leerling die hoogsmoontlike graad van tweetaligheid te laat bereik?

Uit voorafgaande blyk duidelik dat "Die probleem van tweetaligheid so nou verbonde is met die voertaalvraagstuk dat dit bykans onmoontlik is om die een sonder die ander te bespreek" (9, bl. 48). Omdat tweetaligheid in die Suid-Afrikaanse opset gaan om die aanleer en deeglike beheersing van die moedertale van die twee hoofbevolkingsgroepe, met die oog op benutting in die daaglikse omgang, is daar diegene wat 'n oplossing vir die tweetaligheidsprobleem wil probeer bewerkstellig deur in sommige skoolvakke die tweede taal as voertaal in te span. "So is daar ook diegene wat glo dat 'n mens alleen tweetalig kan word as jy die tweede taal as voertaal gebruik" (9, bl. 47).

Onder diegene wat beweer dat gebruikmaking van die tweede taal as voertaal groot voordele inhou en dat langs genoemde weg nie slegs groter vaardigheid in die amptelike tale verkry word nie, maar dat leerlinge selfs beter presteer in die vak wat deur medium van die tweede taal aangebied word, word ook 'n bekende Afrikaanse navorser aangetref. Genoemde navorser kom naamlik tot die merkwaardige bevinding dat 'n groepie Afrikaanssprekende leerlinge wat hul onderrig uitsluitlik deur die medium van Engels ontvang het, nie alleen in die twee tale gesamentlik hoër punte behaal het as groepe Afrikaans- en Engelstaliges wat uitsluitlik deur medium van hul moedertaal onderrig is nie, maar dat hul ook in Aardrykskunde geleidelik beter begin presteer het en uiteindelik ver voor was by Afrikaanse kinders wat hul onderrig in genoemde vak deur medium van Afrikaans ontvang het (10, bl. 54-57).

Van hierdie bevinding sê die ondersoeker self: "Dit is nie maklik om hierdie onverwagte verskynsel heeltemal uit beskikbare gegewens te verklaar nie" (10, bl. 57). Hierdie bevinding staan ook lynreg teenoor genoemde navorser se vroeëre beskouing in "Onderwys en die Armblanke", naamlik: "dat die tweede taal as voertaal verantwoordelik vir vertraging is" (9, bl. 144).

'n Ierse opvoedkundige sê van bogenoemde en van twee ander Suid-Afrikaanse ondersoek rakende tweetaligheid: "they do not appear to have controlled possible bias arising from any of the three major sources of bias ..... So from them it is quite impossible to come to any conclusion about the effect of bilingualism" (11, bl. 22).

Lynreg teenoor die bevindings in die hierbo genoemde Suid-Afrikaanse ondersoek, staan MacNamara se bevindings. Na 'n deeglik gekontroleerde wetenskaplike ondersoek wat deur hom in Ierland onderneem is, kom hy tot die volgende bevinding: "The Irish findings relating to the teaching of other subjects through the medium of the second language are particularly discouraging. For it seems that the teaching of mathematics, at least, through the medium of the second language does not benefit the second language, while it has a detrimental effect on the children's progress in mathematics" (11, bl. 137).

Hierdie bevinding, naamlik dat die gebruik van die tweede taal as voertaal 'n remmende effek het op kennisverwerwing in die vak wat deur medium van genoemde taal onderrig word, en verder, dat die gebruik van die tweede taal as voertaal geensins die leerling se prestasie in genoemde taal self ten goede beïnvloed nie, skyn dus 'n afdoende antwoord te wees aan diegene wat van mening is dat die aanleer van die tweede taal bevorder kan word deur dit in sekere vakke as voertaal te gebruik.

### 3.3 NADELE VERBONDE AAN DIE GEBRUIK VAN DIE TWEDE TAAL AS VOERTAAL

Afgesien van die feit dat die dosering van 'n vak deur medium van die tweede taal geen merkbare voordele inhou nie, is talle navorsers uitgesproke oor die nadele wat dit mag inhou (9, bl. 143-144):

- (1) Hoernlê bevind dat dit 'n nadelige uitwerking het op die verstandelike ontwikkeling van leerlinge.
- (2) Malherbe hou dit verantwoordelik vir vertraging en beskou dit as aanleidende oorsaak vir die ontstaan van die arm-blankedom.
- (3) Schmidt en West sê dit benadeel die leerling se woordeskat en maak hom armer aan ideë.
- (4) Schmidt beweer dat dit die denkproses bemoeilik en vertraag, en onnodige vermoëienis veroorsaak.

### 3.4 SAMEVATTING

In die bespreking wat hieraan vooraf gegaan het, is gepoog om aan te toon dat opvoeding en onderrig in en deur medium van die moedertaal vir alle leerlinge die grootste moontlike voordele inhou. Verder is aangetoon dat die gebruik van 'n tweede taal as voertaal geen heilsame uitwerking het op die kind se vordering in òf die tweede taal, òf die vak(ke) wat deur medium van die tweede taal onderrig word nie. Die bepaling in Artikel 2(1)(c) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet No. 39 van 1967) wat lui dat "die moedertaal, indien dit Engels of Afrikaans is, die medium van onderrig moet wees, met geleidelike billike aanpassing by hierdie beginsel van enige daarvan afwykende bestaande praktyk", is dus nie alleen wysgerig, opvoedkundig asook didakties deeglik verantwoord nie, maar dit hou ook deeglik rekening met die in die praktyk bewese feit dat die moedertaal die geskikste middel is om kennis mee oor te dra in die klaskamersituasie.

Met die aanvaarding van die beginsel van moedertaalonderwys op landswye grondslag, word die toestand hier te lande in ooreenstemming gebring met die aanvaarde manier van doen in alle twee- of meertalige lande.



REËLINGS INSAKE VOERTAAL EN DIE INVOER VAN DIE TWEDE TAAL IN  
ENKELE TWE- OF MEERTALIGE LANDE

4.1 INLEIDING

Vervolgens word reëlings in verband met voertaal ontleed, asook die tydstip waarop die tweede taal ingevoer word in enkele bekende twee- of meertalige lande, sowel as in 'n paar lande wat minder bekend is. Enkele lande wat slegs een amptelike taal erken, maar nogtans voorsiening maak vir moedertaalonderwys vir minderhede, veral tydens die eerste skooljare, word ook onder die aandag gebring.

4.2 SWITSERLAND (12, bl. 41 e.v.) en (13, bl. 166)

In Switserland woon vier onderskeibare etniese groepe, wat vier tale praat, naamlik Duits, Frans, Italiaans en Romaans. Wat betref die reëlings insake voertaal en die aanleer van die tweede amptelike taal, moet onderskei word tussen die reëlings op die primêre- en sekondêre onderwysvlakke.

4.2.1 Die toestand wat die primêre onderwys betref

(a) Duitssprekende Switserland

Die tweede amptelike taal is Frans. In slegs drie kantons, naamlik Berne, Fribourg en Valais is dit egter 'n verpligte vak; in sekere kantons is dit opsioneel terwyl dit in ander glad nie as vak aangebied word nie.

(b) Franssprekende Switserland

Die tweede amptelike taal is Duits. Dit is egter slegs 'n verpligte vak in drie van die kantons.

(c) Italiaanssprekende Switserland

Die tweede amptelike taal is Frans. Dit is 'n verpligte vak tydens die laaste 3 jaar van die primêre kursus.

(d) Duits-, Italiaans- en Romaanssprekende kanton van Grisons

Duitssprekende distrikte : een van die vier Retho-Romaanse dialekte is die tweede amptelike taal.

Italiaanssprekende distrikte: Duits.

Waar een van die Romaanse dialekte gebruik word : Duits, of een van die orige 3 Romaanse dialekte.

#### 4.2.2 Die toestand wat die sekondêre onderwys betref

Die kurrikula maak voorsiening vir die onderrig van 'n tweede amptelike taal, vanaf die beginjaar van die sekondêre kursus. In die praktyk werk dit soos volg:

##### (1) Duits- en Italiaanssprekende Switserland

Frans word as tweede taal aangebied.

##### (2) Frans- en Rheto-Romaanssprekende Switserland

Duits is die tweede taal.

Die derde amptelike taal, of 'n vreemde taal, word nie onderrig voor die laaste 2 of 3 jaar van die sekondêre kursus nie.

#### 4.3 KANADA (12, bl. 19-20)

In Kanada is daar twee amptelike tale, naamlik Engels en Frans. Hier word gerieflikheidshalwe ook onderskei tussen reëlings op die primêre en sekondêre onderwysvlakke.

##### 4.3.1 Primêre onderwysvlak

###### (a) Oorwegend Franssprekende streke

Engels word reeds op elementêre vlak ("elementary level") ingevoer as vak.

###### (b) Oorwegend Engelssprekende streke

Die tweede taal (Frans) word gewoonlik nie in die elementêre klasse ("elementary grades") onderrig nie. In verskeie Engels-sprekende streke is in die jongste verlede pogings aangewend om Frans as tweede taal op die elementêre vlak in te voer.

##### 4.3.2 Sekondêre onderwysvlak

###### (a) Oorwegend Franssprekende streke

Engels is 'n verpligte vak dwarsdeur die hoërskool.

###### (b) Oorwegend Engelssprekende streke

Frans is, hoewel nie 'n verpligte vak nie, in praktyk die taal wat mees dikwels as tweede taal bestudeer word.

#### 4.4 BELGIË (14, bl. 77, 78)

België word in twee feitlik gelyke dele verdeel deur 'n taalgrens wat deur Brussels loop. Noord hiervan val 4 provinsies in die Vlaamse taalstreek en suid hiervan 4 provinsies in die Waalse streek. Brabant as sentrale provinsie val deels in albei

taalgebiede. Die Taalordonnansie van 1932 het 'n einde gemaak aan veralgemeende tweetaligheid, en elk van die twee streke word nou in sy eie taal, Nederlands en Frans onderskeidelik, geadminestreer. Die reëlings in verband met voertaal en tweede taal op primêre en sekondêre vlak word vervolgens bespreek.

#### 4.4.1 Primêre onderwysvlak

- (a) In die eentalige gebiede word die tweede taal onderrig aan leerlinge op ouderdom 10 plus, dit wil sê vanaf die vyfde en sesde skooljare, vir nie meer as 3 uur per week nie.
- (b) In tweetalige areas wat in die taalgrensgebiede val, is dit toelaatbaar om die tweede taal vroeër in te voer, naamlik gedurende die derde skooljaar en om dit te onderrig vir 3-6 uur per week.
- (c) In sekere gevalle word toegelaat dat die tweede taal reeds in die eerste studiejaar (op sesjarige ouderdom) ingevoer word.

#### 4.4.2 Intermediêre onderwysvlak

- (a) Orals in Vlaandere is die tweede taal Frans.
- (b) In die suid-oostelike provinsies bestudeer meeste leerlinge Nederlands as tweede taal.
- (c) In Brussels en omgewing asook in die tweetalige streke in die taalgrensgebiede, word òf Nederlands òf Frans as tweede taal aangebied.
- (d) In die algemeen geld dan dat die eerste taal (voertaal) op skool altyd dié van die streek is, terwyl òf Frans òf Nederlands òf Engels òf Duits die tweede taal kan wees.
- (e) Minstens vier en hoogstens ses uur per week word aan die onderrig van die tweede taal bestee.

#### 4.5 IERLAND (14, bl. 60-61)

Nagenoeg 90 persent van die Ierse bevolking is Engelssprekend. Die reëlings in verband met voertaal op die onderskeie onderwysvlakke word vervolgens toegelig.

#### 4.5.1 Primêre onderwysvlak

- (a) In alle kleuter- en nasionale (primêre) skole is Iers die medium van instruksie, ongeag die moedertaal van die leerling.

- (b) In nasionale skole mag 'n les met toestemming van die inspekteur in Engels hersien word.

#### 4.5.2 Sekondêre onderwysvlak

- (a) Sekondêre skole ressorteer nie onder die direkte beheer van die onderwysdepartement nie, maar is privaatinrigtings wat onderhou word deur verskillende godsdienstige ordes.
- (b) Die sekondêre skole word op taalbasis soos volg gegradeer:
- Klas A : Skole waarin Iers die skooltaal is, sowel binne as buite die klas.
- Klas B : Skole waarin die meeste vakke deur medium van Iers onderrig word.
- Klas B<sub>2</sub> : Skole waarin minstens 2 vakke deur medium van Iers onderrig word.
- Ongeklas- Skole waarin Engels die medium van instruksie sifiseer : is, met Iers as verpligte vak.
- (c) Bykomende geldelike toekennings dien as aanspooring vir sekondêre skole om hul gradering te verbeter.

#### 4.6 FINLAND (12, bl. 21)

Die grondwet waarborg gelyke regte vir die twee offisiële tale naamlik Fins, wat die moedertaal is van 92% van die bevolking, en Sweeds (die moedertaal van 8%). Beide taalgroepe se kinders is geregtig op moedertaalonderwys. Die reëlings rakende voertaal op die onderskeie onderwysvlakke word vervolgens bespreek.

#### 4.6.1 Primêre onderwysvlak

- (a) Die "volkskole" is gewoonlik eentaalskole met Fins as voertaal in Finse skole en Sweeds in Sweedse skole.
- (b) 'n Hele aantal primêre skole bied kursusse in die tweede amptelike taal aan, hoewel dit geen verpligte vak op die primêre vlak is nie.

#### 4.6.2 Sekondêre onderwysvlak

- (a) In alle sekondêre skole volg Finssprekende leerlinge 'n verpligte kursus in die Sweedse taal.
- (b) In sekondêre skole vir Sweedssprekende kinders word Fins as verpligte vak onderrig.

#### 4.7 HONGARYE (12, bl. 27)

In streke met 'n gemengde bevolking, of waar daar nie-Hongaarse volksgroepe woon, word daar vir twee soorte skole voorsiening gemaak:

- (1) Primêre sowel as algemene sekondêre skole, waarin die taal van die nie-Hongaarse bevolking (Duits, Roemeens, of een van die Slawiese tale) as voertaal gebruik word. Die mondelinge gebruik van Hongaars as tweede taal kry vanaf die begin van die primêre fase aandag.
- (2) Skole waarin die taal van die nie-Hongaarse volksgroepe vanaf die eerste klas as tweede taal onderrig word.

#### 4.8 BYELO-RUSSIESE SOWJET SOCIALISTIESE REPUBLIEK (12, bl. 19)

Daar is twee amptelike tale, naamlik Russies en Byelo-Russies en die reëlings is soos volg:

- (1) In sommige skole is Russies die voertaal, terwyl Byelo-Russies as vak aangebied word vanaf die tweede skooljaar.
- (2) In ander skole is Byelo-Russies die voertaal terwyl Russies as vak aangebied word.
- (3) In baie skole is daar parallelklasse waar een klas van Russies gebruik maak en die ander van Byelo-Russies.

#### 4.9 RUSLAND (USSR) (12, bl. 42)

Die konstitusie bepaal dat die onderrig in elke Federale Republiek sal plaasvind in die leerling se moedertaal. In ooreenstemming met die wens van al die bevolkingsgroepe van die Sowjet-Unie, word Russies as tweede taal onderrig in alle nasionale skole in die Federale republieke, en wel vanaf die middel van die eerste skooljaar, of die begin van die tweede skooljaar.

#### 4.10 NEDERLAND (12, bl. 33)

Alhoewel Nederlands die enigste amptelike taal in Nederland is, word in sekere primêre skole vir Friessprekende leerlinge voorsiening gemaak. Ongeveer vyf persent van Nederland se bevolking woon in Friesland, waar Fries as spreektaal gebruik word. Die reëlings rakende voertaal op die onderskeie onderwysvlakke word vervolgens bespreek.

##### 4.10.1 Primêre onderwysvlak

Op primêre onderwysvlak word soos volg vir Friessprekendes voorsien:

- (1) In 'n groot aantal primêre skole in Friesland word Fries as voertaal gebruik in die eerste twee skooljare.
- (2) In die derde en daaropvolgende jare, is Nederlands gewoonlik die voertaal.
- (3) Feitlik alle laerskole in Friesland bied egter Fries as vak aan.

#### 4.10.2 Sekondêre onderwysvlak

Op sekondêre onderwysvlak word Nederlands deurgaans as voertaal gebruik.

#### 4.11 SAMEVATTING

'n Oorsigtelike beskouing van die toestand in genoemde lande toon -

- (1) dat vir die kinders van elke taalgroep voorsiening gemaak word vir onderrig in en deur medium van hulle moedertaal op primêre sowel as sekondêre onderwysvlak;
- (2) dat die tweede landstaal in sommige van die lande vanaf die eerste skooljaar onderrig word, maar dat dit in meeste lande eers in die derde of daaropvolgende jare ingevoer word;
- (3) dat geeneen van genoemde lande die tweede landstaal probeer bevorder deur dit as medium van onderrig te gebruik in die aanbieding van sekere skoolvakke nie; en
- (4) dat meeste lande voorkeur verleen aan moedertaalonderwys in enkelmediumskole.

Ierland is op genoemde algemene gebruik die enigste uitsondering, daar Iers in alle kleuter- en primêre skole as medium van onderrig dien, ten spyte van die feit dat dit nie die moedertaal van 90% van die bevolking is nie. By die bepaling van genoemde beleid het sterk Iers-nasionalistiese sentimente waarskynlik die deurslag gegee en nie suiwer opvoedkundige oorwegings nie.

In verband met die feit dat moedertaalonderwys algemeen aanvaar is in tweetalige lande, en oor die uitwerking daarvan, sê Aucamp reeds in 1926: "and the principle of mother tongue medium (has been) widely adopted (partially or wholly) in such countries as Wales, Belgium, Switzerland, Puerto Rico, Cuba, Canada and South Africa, and with its adoption there has come remarkable interest and progress" (Aucamp aangehaal deur van der Walt, 9, bl. 96).

## HOOFTUK 5

DIE WYSE WAAROP DIE ONDERSKEIE ONDERWYSOWERHEDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA VOORSIENING MAAK VIR ONDERRIG DEUR MEDIUM VAN DIE MOEDERTAAL, ASOOK DIE MATE WAARIN DIE OUER TOEGELAAT WORD OM 'N VOERTAALKEUSE TE MAAK

### 5.1 INLEIDING

In die Suid-Afrikaanse onderwyswetgewing (15) word die terme "moedertaal" en "huistaal" albei gebruik in die betekenis van: "amptelike taal wat die leerling die beste verstaan". "Voertaal" word gebruik in die betekenis van "medium van onderrig" en laasgenoemde terme word blykbaar as verwisselbaar beskou. Daar is 'n groot mate van eenvormigheid in die onderskeie onderwysowerhede se bepalings rakende onderwys deur medium van die moedertaal, asook in die wyse waarop voorsiening gemaak word vir die soorte skole waarin leerlinge deur medium van hul moedertaal onderrig word. Daar is egter ook opvallende uitsonderings op hierdie algemene reël.

### 5.2 REËLINGS INSAKE VOERTAAL, ASOOK DIE WYSE WAAROP BEPAAL WORD WELKE TAAL AS VOERTAAL SAL DIEN

#### 5.2.1 Ordonnansies en bepalings

Die onderwysordonnansies van Transvaal, Kaapland, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika bepaal almal dat die amptelike taal wat die leerling die beste ken (dus sy huistaal of moedertaal) as sy voertaal moet dien, vanaf die aanvang van sy onderwys, tot by voltooiing van st. 8 (15, a, b, c, e).

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se bepalings lui dat leerlinge onderrig sal word deur medium van hul moedertaal (dit impliseer skynbaar dat dit ook na st. 8 die prosedure sal wees wat gevolg sal word).

Natal se ordonnansie bepaal dat die voertaal van 'n leerling die amptelike taal sal wees, soos deur die ouer verkies (15 d).

#### 5.2.2 Samevatting

Waar die keuse van voertaal onvoorwaardelik in die hande van die ouer gelaat word, soos die geval skyn te wees in Natal, bestaan die wesentlike gevaar dat 'n oningeligte ouer op grond

van ander as streng opvoedkundige oorwegings, vir sy kind 'n voertaal kan kies waarin die kind nie beweeglik genoeg is om verowering van die formele vormsisteme op skoolse vlak moontlik te maak nie. Al die ander owerhede se ordonnansies vrywaar die kind teen 'n moontlike onverstandige voertaalkeuse deur die ouer, deurdadig oerkeuse alleen uitgeoefen kan word waar 'n leerling -

- (1) bekwaam is in die ander amptelike taal as in sy huidige voertaal;
- (2) ewe bekwaam is in albei tale; en
- (3) nie een van die twee tale kan praat nie.

### 5.3 DIE TOELAATBAARHEID DAARVAN OM VAN VOERTAAL TE VERANDER EN DIE OUER SE SEGGENSKAP IN SO 'N VERANDERING

Al die onderwysowerhede laat in sekere gevalle, of op sekere voorwaardes, of in gegewe stadiums, toe dat 'n leerling se voertaal verander kan word indien die ouer dit sou verkies en daarom sou vra.

In Natal waar alle seggenskap in die keuse van 'n voertaal vir sy kind onvoorwaardelik by die ouer berus, kan die ouer blykbaar aan die einde van elke skooljaar versoek dat die medium waardeur sy kind onderrig word, verander word (15 d).

Kaapland laat 'n verandering van medium op grond van ouerkeuse toe by toelating tot die sesde en agste standers, mits die betrokke leerling albei tale ewe goed ken (15 b).

In Suidwes-Afrika kan 'n leerling wat tot die sesde standerd toegelaat word, se medium van onderrig op versoek van die ouer gewysig word, mits die leerling so bedrewe is in albei tale dat hy sy onderrig ewe goed deur medium van die een of die ander kan ontvang (15 e).

Die Transvaalse ordonnansie bepaal dat 'n verandering in die medium van onderrig toelaatbaar is, mits die leerling -

- (1) bekwaam is in die gebruik van die taal deur die ouer gekies as in die huistaal van sodanige leerling, of
- (2) as die leerling in so 'n mate bedrewe is in die gebruik van albei tale dat hy ewe goed deur medium van die een of die ander taal onderrig kan ontvang (15 a).



Meeste van die owerhede laat die voertaalkeuse onvoorwaardelik in die hande van die ouer waar 'n leerling nie meer skoolpligtig is nie, en in standerds 9 en 10. As die ouer van enige leerling versuim om van sy reg gebruik te maak om 'n keuse te doen, ontvang die betrokke leerling sy onderrig deur middel van die taal wat hy die beste ken en verstaan.

Waar al die owerhede soms toelaat dat daar 'n verandering aangebring word in 'n leerling se medium van onderrig, moet daar gewaarsku word dat so 'n mediumverandering veel meer behels as dat die vakkennis voortaan aan die kind deur medium van die ander taal oorgedra word. Davies laat in dié verband die volgende waarskuwing hoor: "To change a child's medium of instruction is surely to change his culture: is not culture bound up with language? And if the language should disappear, can the culture remain? Everyone must have his own orientation to life and language provides the most natural means of reacting to life. In the deepest things of the heart a man or a woman turns naturally to the mother tongue; and in a child's formative stages, his confidence in that tongue must never be impaired" (14, bl. 14).

#### 5.4 DIE SOORTE SKOLE, VOLGENS MEDIUM VAN ONDERRIG, WAARVOOR DIE ONDERWYSCORDONNANSIES TANS VOORSIENING MAAK

##### 5.4.1 Enkelmediumskole

In die ordonnansies van Transvaal, Kaapland, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika word voorsiening gemaak vir enkelmediumskole waarin een of ander van die amptelike tale die enigste voertaal is (15 a, b, c, e). In die ordonnansie van Suidwes-Afrika word ook voorsiening gemaak vir enkelmediumskole met Duits as voertaal.

Die Natalse ordonnansie vermeld nie spesifiek die moontlikheid van enkelmediumskole nie. Nietemin lui Artikel 11(2) van Ordonnansie no. 23 van 1942 soos volg: "As dit in enige primêre of sekondêre skool blyk dat die voertaal van die minderheid van die leerlinge die een amptelike taal moet wees en die van die meerderheid die ander amptelike taal, word beskou dat die bepalings van subartikel (1) voldoende nagekom is -

- (a) waar die minderheid minder as vyftien leerlinge tel, as daardie minderheid onderrig op dieselfde wyse as die meerderheid ontvang".

In praktyk sal so 'n skool dus 'n enkelmediumskool wees waarin alle onderrig sal geskied deur medium van die amptelike taal wat deur die meerderheid verkies word.

#### 5.4.2 Parallelmediumskole

In die ordonnansies van Transvaal, Kaapland, Oranje-Vrystaat, Suidwes-Afrika en Natal, word voorsiening gemaak vir skole met parallelklasse, waarin die voertaal vir een taalgroep Afrikaans is en vir die ander Engels. In meeste gevalle bepaal die ordonnansies dat voorsiening vir parallelklasse gemaak moet word sodra die minderheidsgroep 15 of meer leerlinge tel. Op sekondêre vlak word selfs vir nog geringer getalle van die minderheidsgroep aparte voorsiening gemaak.

Die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is almal parallelmediumskole, met afsonderlike klasse met Afrikaans of Engels as voertaal.

#### 5.4.3 Voorsiening vir dubbelmediumonderrig

Geen ordonnansie maak voorsiening vir dubbelmediumskole, of noem selfs die moontlikheid van dubbelmediumonderwys by name nie. Nogtans maak al die owerhede voorsiening daarvoor dat minderhede, vir wie op geen van die gewone wyses voorsiening gemaak kan word nie, hul onderrig deur medium van albei tale kan ontvang. In hierdie verband lui die ordonnansies soos volg:

- (1) Transvaal: "hetsy deur middel van onderwysers wat bevoeg is om deur medium van albei tale onderrig te gee ....." (15 a).
- (2) Kaapland: "of anders by wyse van onderwysers wat bevoeg is om deur altwee mediums onderrig te gee" (15 b).
- (3) Oranje-Vrystaat: "deur middel van onderwysers bevoeg om onderrig in albei offisiële tale te gee" (15 c).
- (4) Natal: "of op so 'n ander wyse as wat die Administrateur na oorweging van elke afsonderlike geval mag goedkeur" (15 d).
- (5) Suidwes-Afrika: "deur middel van onderwysers bevoeg om onderrig in albei tale te gee" (15 e).
- (6) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap: "waar afsonderlike Afrikaansmedium- en Engelsmediumklasse vir 'n besondere graad of grade weens klein getalle nie moontlik is nie, word klasse gestig waarin beide Afrikaans en Engels as media van onderrig gebruik word. In sulke gevalle word toegesien dat die beginsel van gelyke taalregte vir beide groepe toegepas word".

## 5.5 SAMEVATTING

Die huidige bedeling is dan dat leerlinge feitlik deurgaans deur medium van hul moedertaal onderrig word, hoofsaaklik in enkelmediumskole, en in mindere mate ook in skole wat voorsiening maak vir parallelmediumklasse. Nogtans maak die ordonnansies voorsiening daarvoor en kom dit waarskynlik in die praktyk nog voor dat minderheidsgroepe, vanweë probleme in verband met skoolorganisasie, hul onderrig deur medium van albei amptelike tale ontvang.

## HOOFSTUK 6

### MOEDERTAAL AS VOERTAAL IN 'N STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

#### 6.1 INLEIDING

Uit dit wat hierdie hoofstuk voorafgegaan het, het dit duidelik geword dat onderrig deur medium van die moedertaal die enigste pedagogies-didakties verantwoordbare wyse is waarop 'n kind deur 'n onderwyser tot volle ontplooiing van al sy moontlikhede, en tot volwaardige volwassenheid begelei kan word.

Waar een van die doelstellings met 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys juis is om te verseker dat elke kind met inagneming van sy vermoëns tot volle ontplooiing van al sy moontlikhede gebring sal word, spreek dit vanself dat genoemde mikpunt makliker bereik kan word met behulp van die kind se moedertaal as verkennings-, ordenings- en proklameringsmiddel.

Die beginsel van onderwys deur medium van die moedertaal word reeds in hoë mate deur die onderwysowerhede in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika in die praktyk uitgevoer, terwyl Artikel 2, 1(c) van Wet 39 van 1967 die verpligting op al die onderwysowerhede lê om so gou doenlik te verseker dat alle leerlinge voortaan hul onderrig deur hul moedertaal (indien dit Engels of Afrikaans is) sal ontvang. Omdat onderwys deur medium van die moedertaal egter bloot kan beteken dat vakinhoud wat vreemd aan die volksaard mag wees, deur medium van die moedertaal aan die leerlinge beskikbaar gestel word, behoort vervolgens eers duidelikheid verkry te word oor die ware betekenis van die begrip moedertaalonderwys.

#### 6.2 MOEDERTAALONDERWYS

6.2.1 Gesien teen die agtergrond van die hele geskiedkundige verloop, maar veral van die taal- en kultuurstryd van die afgelope half-eeu, waartydens albei taalgroepe soms toegewings moes maak, is dit begryplik dat die beskouing oor wat eintlik onder moedertaalonderwys verstaan behoort te word, hier te lande effens afge-water geraak het. Gevolglik word moedertaalonderwys in Suid-Afrika vandag taamlik algemeen gesien as onderwys in verskillende "vakke" - onverskillig wat die inhoud daarvan is - deur medium van die moedertaal.

Ware moedertaalonderwys impliseer egter nie slegs dat vakinhoude deur medium van die moedertaal tot die kind se beskikking gestel moet word nie, maar dat dit vakinhoude moet wees wat uit die kultuureie van die volk gekristalliseer het - en dat die aanbieding daarvan moet plaasvind in 'n skoolstelsel wat na sy wese uit die volk se eie wêreldbeeld gegroei het. Moedertaalonderwys behels die volgende:

- (1) Moedertaalonderwys behels veel meer as die bybringings van taalkundige kennis in die betekenis van kennis omtrent die taal. Dit impliseer eintlik onderwys in die taal met die oog op ontwikkeling van die taalkunde, die denke in die taal. Moedertaalonderwys het die beheersing van die taal ten doel en dit beteken die ontwikkeling van die vermoë om op die hoëre abstrakte denkniveaus feilloos oor die abstrakte taalmiddele te beskik. Dit gaan dus vir die leerling nie in die eerste plek om die verwerwing van taalkennis nie, maar wel om taalbeheersing as inleiding in die kultuurinhoud, die begripstelsel van die eie volk, wat hy vir homself moet toe-eien. Deeglike beheersing van die moedertaal is voorwaarde vir die verwerwing van alle volkseie kultuurinhoud en dus die enigste weg tot voortbouing en skepping op al die terreine van die volkslewe.

"Moedertaalonderwys het daarom die taalbeheersing as die fundamentele weg tot gastes- en karaktervorming ten doel, en dit beteken terselfdertyd die aktiewe en produktiewe toeëiening van die inhoud van die godsdienstige, sedelike, staatkundige, regs-opvoedkundige, wysgerige, wetenskaplike, kuns-, propaganda- en ekonomiese uitingsvorme van die eie volk op grondslag van sy afsonderlike geesteshouding teenoor die werklikheid" (8, bl. 59, 60).

- (2) Moedertaalonderwys behels ook veel meer as dat die jeug onderrig sal ontvang in 'n aantal skoolvakke, ongeag die aard en inhoud daarvan, deur medium van die moedertaal. Indien die skoolvakke en hul inhoudelike nie in die eerste plek uit die kultuurlewe van die volk gekristalliseer het nie, met ander woorde, as dit uit die skoolstelsel van 'n ander volk oorgeneem is, verteenwoordig moedertaalonderwys weinig meer as 'n inleiding tot 'n vreemde kultuur en dit deur medium van die eie taal. Die noodwendige en vanself-

sprekende gevolg hiervan is die vervanging van die eie wêreldbeeld met dié van 'n vreemde volk. Die skoolvakke as distillaat van dit wat die volk as belangrik ag, moet eerstens vir die kind die weg open tot die kultuurlewe en kennisvorme van sy eie volk en later ook tot dié van ander volke.

- (3) Moedertaalonderrig behels meer as dat die kind vakonderrig deur medium van sy moedertaal sal ontvang, in enige moontlikdoeltreffende skoolstelsel. Ware moedertaalonderwys kan alleen plaasvind in 'n opvoedkundige stelsel wat onvervals uit die eie wêreldbeeld wat die volk daarop nahou, gegroei het. Dit vereis dat die opvoedkundige stelsel gefundeer moet wees in die volk se beskouings oor godsdiens, regeringsvorm, regspraak en sedelikheid, dat dit dus aansluiting moet vind by die volk se tradisionele leefwyse.

Moedertaalonderwys kan alleen tot sy reg kom in 'n onderwysstelsel wat na sy wese uit die volk se eie wêreldbeeld gegroei het. Ware moedertaalonderwys, as inleiding tot die ganse kultuur van die eie volk, deur middel van volkome beheersing van die eie taal, is en bly die enigste suiwer weg tot ware geestes- en karaktervorming. Dit is ook die enigste weg wat lei tot vrye geestesaktiwiteit en produktiwiteit op die fundamente van die geestesinstelling van die eie volk. Dit is laastens ook die enigste en aangewese weg vir 'n volk wat sy afsonderlike roeping aanvaar het en wat voortdurend inhoud daaraan wil gee.

## HOOFSTUK 7

### BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

#### 7.1 BEVINDINGS INSAKE VOERTAAL

In 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys sal die doelstellings met die kind, asook die ideale wat beoog word met gedifferensieerde onderwys, alleen tot verwesenliking kom indien die kind in staat gestel word om deur medium van sy moedertaal in ontmoeting te tree met die onbekende, en wel om die volgende redes:

- (1) Die deurbraak van die kind vanaf eie-wêreld wat uiteraard begrensde wêreld is, na die hom-omringende volwasse-wêreld, verloop die gladste langs die weg van die moedertaal. Die kind kan deur middel van 'n bekende medium (die moedertaal) die maklikste daartoe gebring word om begrensinge deur te breek, horisonne te verbreed en om die vir hom vreemde en geformaliseerde vormsisteme wat deur die volwassene daargestel is, tot beleefde en deurleefde eie-wêreld te maak.
- (2) Dit is slegs in die breë bedding van die moedertaal dat die kind tot volle ontplooiing van sy talente en geesteskragte kan kom. Die eie-wêreld stigting van die kind vereis van hom die grootste mate van mobiliteit in en beheersing van sy moedertaal, en veronderstel ook dat gedurige vordering in sy taalbeheersing, steeds voorwaarde sal bly vir groter verowerings.
- (3) Vir weinig mense is dit beskore om reeds tydens hul skooljare hul moedertaal, sowel as 'n tweede taal só volkome te beheers dat hul tot volle ontplooiing van hul moontlikhede sal kom, ongeag die medium van onderrig, of ten spyte van 'n mediumverandering in een of ander stadium in hul skoolloopbaan. Om hierdie rede sal dit onwenslik wees om 'n kind in enige stadium van sy skoolloopbaan van enige ander medium van onderrig as sy moedertaal gebruik te laat maak.

#### 7.2 AANBEVELINGS INSAKE VOERTAAL

Aangesien die doelstellings met opvoeding en onderwys in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel beste gedien kan word deur die strenge toepassing van die beginsel van moedertaalonderwys, word aanbeveel -

- (1) dat in ooreenstemming met die wetsvoorskrifte (artikel 2, 1(c), Wet 39 van 1967), so spoedig moontlik voorsiening gemaak word daarvoor dat elke leerling deur medium van sy moedertaal (indien dit een van die twee amptelike tale is) onderrig sal word; en
- (2) dat die bepaling van 'n leerling se voertaal ten tye van sy eerste toetrede tot 'n skool sal plaasvind.

### 7.3 BEVINDINGS INSAKE OUERKEUSE IN DIE BEPALING VAN VOERTAAL

Tussen opvoeding en onderwys kan daar geen skeiding bestaan nie. Opvoeding geskied deur onderwys, en onderwys is steeds opvoeding. Elke ouer het 'n natuurlike ouerkeuse ten aansien van die medium van opvoeding en onderwys van sy kind, naamlik die keuse van die taal wat hy of sy van die eerste dag af gebruik het om die kind in op te voed. Hierdie natuurlike ouerkeuse is reeds onmiddellik na die kind se geboorte uitgeoefen, en behoort deur die skool gehandhaaf te word. Daar kan egter ook sprake wees van 'n kunsmatige ouerkeuse, waar die ouer van die skool verwag om te doen wat hy self nie gedoen het nie, naamlik om die kind in 'n ander taal op te voed. Hierdie kunsmatige ouerkeuse is, behalwe in die geval van immigrante, nie te regverdig nie, aangesien dit die eenheid tussen onderwys en opvoeding verbreek.

Wat die ouerkeuse in die bepaling (of latere verandering) van 'n leerling se medium van onderrig betref, vertoon die volgende as belangrik:

- (1) Die beginsel dat 'n ouer seggenskap sal hê in die bepaling van die lotgevalle van sy kind, vir sover dit wel menslik bepaalbaar is, is nie alleen verantwoordbaar nie, maar ook prysenswaardig.
- (2) Nietemin bestaan daar 'n wesentlike gevaar dat ouers, wat uiteraard nie almal pedagogies onderlê kan wees nie, 'n verkeerde voertaalkeuse kan doen, moontlik op grond van totaal ander as opvoedkundige oorwegings. Só 'n verkeerde voertaalkeuse sal hom op die kind wreek, sowel gedurende sy skoolloopbaan as in sy latere lewe.
- (3) Die toestand wat tans geld, soos aangedui in paragraaf 5.2.2, naamlik dat sekere onderwysowerhede die keuse van voertaal onvoorwaardelik in die hande van die ouer laat, ongeag die kind se bekwaamheid in die twee tale, en wat aan



die ouer ook die vergunning gee om jaarliks die kind se voertaal te mag verander indien hy dit sou verkies, (par. 5.3) is om die minste te sê uiters sorgwekkend, omdat dit die kind in hoë mate uitlewer aan die willekeur van die ouer.

#### 7.4 AANBEVELINGS INSAKE OUERKEUSE BY DIE BEPALING VAN VOERTAAL

Daar word aanbeveel -

- (1) dat die ouer wel geken sal word by die bepaling van 'n kind se voertaal ten tye van sy toelating tot die skool, maar dat die ouer alleen toegelaat sal word om 'n keuse te doen indien-
  - (a) deur objektiewe toetse bewys is dat die kind albei amptelike tale so deeglik beheers dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat hy goeie vordering sal maak ongeag die taal wat as medium van onderrig dien; en
  - (b) die kind (soos in die geval van immigrante) geeneen van die amptelike tale beheers nie. In só 'n geval moet die ouer egter geadviseer word oor welke van die twee amptelike tale (indien enige) naaste verwant is aan die kind se eie taal, met die oog daarop dat die spoedige verowering van 'n verwante taal die kind gouer tot kennisverwerwing en eie-wêreld-stigting in die vir hom vreemde skoolstelsel in staat sal stel;
- (2) dat nadat die ouer een keer gekies het, genoemde keuse as finaal beskou sal word, met ander woorde, dat die ouer nie by 'n latere geleentheid op 'n verandering van voertaal sal mag aandring nie, aangesien só 'n verandering vir meeste kinders geen voordeel inhou nie; en
- (3) dat vir die onderwysowerhede die reg voorbehou word om, as dit later sou blyk dat die leerling nie volgens verwagting vorder in die amptelike taal wat deur die ouer as voertaal verkies is nie, en indien daar goeie rede bestaan om te glo dat die leerling beter sal vorder indien hy sy onderrig deur medium van die ander amptelike taal sou ontvang, na oorlegpleging met die ouer, 'n verandering in die medium van onderrig van só 'n leerling te bewerkstellig.

#### 7.5 BEVINDINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE VAKINHOUDE, DIE AARD VAN DIE SKOOLSTELSEL, EN DIE SOORT SKOLE WAT VEREIS WORD OM MOEDERTAAL-ONDERWYS WAARLIK TOT SY REG TE LAAT KOM

##### 7.5.1 Bevindings en aanbevelings insake vakinhoud

- (1) Die skoolvakke en hul inhoudelike moet uitkristalliseer uit die kultuurlewe van die volk.

- (2) Die skoolvakke moet die distillaat wees van dit wat die volk as belangrik ag.
- (3) Die inhoud van die skoolvakke moet eerstens vir die kind die weg open tot die kultuurlewe en kennisvorme van sy eie volk en later ook tot dié van ander volke.

#### 7.5.2 Bevindings en aanbevelings oor die aard van die skoolstelsel

- (1) Die skoolstelsel moet een wees wat onvervals gegroei het uit die eie wêreldbeeld wat die volk daarop nahou.
- (2) Dit moet gefundeer wees in die volk se lewens- en wêreldbeskouing.

#### 7.5.3 Bevindings en aanbevelings insake die soorte skole

##### (a) Enkelmediumskole

Die enigste soort skool waarin moedertaalonderwys op sowel primêre as sekondêre vlak waarlik tot sy reg kan kom, is die eentalige Afrikaans- of Engelsmediumskool.

Daar word dus aanbeveel -

- (1) dat alles in die werk gestel word om so gou doenlik te verseker dat vir alle Afrikaanssprekende leerlinge in Afrikaans-talige enkelmediumskole en vir alle Engelssprekende leerlinge in Engelstalige enkelmediumskole voorsiening gemaak word; en
- (2) dat in die lig van die feit dat slegs Engels en Afrikaans deur die grondwet as amptelike tale erken word, alle anderstalige landgenote oorreed moet word om hul hierby neer te lê. Die neiging by anderstaliges om hul eie skole te stig, moet ten sterkste ontmoedig word.

##### (b) Parallelmediumskole

Tans is dit nog die gebruik om vanweë dwingende praktiese beweegredes vir minderhede se taalregte voorsiening te maak deur middel van parallelklasse in parallelmediumskole. Vanweë die talle organisatoriese probleme wat so 'n skool skeep, vanweë sy tweeslagtigheid, op grond van die talle pedagogiese besware wat teen hierdie soort skool ingebring kan word, en gemeet aan die hoë eise wat gestel word deur moedertaalonderwys, kan die parallelmediumskool egter geensins aanvaar word as 'n aanneemlike skoolsoort waarin ware moedertaalonderwys ten volle tot sy reg sal kan kom nie (16, bl. 17, 55), (17, bl. 19-26), (18, bl. 108-115), (19, bl. 86-90), (20, bl. 70-79), (21, bl. 3-4), (22, bl. 61-68).

Daar word aanbeveel -

- (1) dat die huidige parallelmediumskole gesien moet word as 'n bloot tydelike toegewing aan dwingende omstandighede, en dus as tussenstadium, wat moet verdwyn sodra aparte voorsiening in enkelmediumskole vir die twee taalgroepe gemaak kan word; en
  - (2) dat die minderheidsgroepe aan sulke skole so gou doenlik oorgeplaas moet word na enkelmediumskole, wat voorsiening maak vir onderrig deur medium van hul moedertaal.
- (c) Dubbelmediumonderwys

Dubbelmediumonderwys, hetsy dit deur die twee tale om die beurt te gebruik, of op alternatiewe dae, of deur sekere vakke deur medium van die een taal te doseer en die ander deur medium van die ander taal, word deur opvoedkundiges as onwenslik beskou, omdat dit geensins kindersielkundig, didakties of pedagogies verantwoordbaar is nie.

Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat hierdie gebruik, hoewel seldsaam, onmiddellik beëindig moet word deur sulke minderhede oor te plaas na enkelmediumskole, waar hul voltyds deur medium van hul moedertaal onderrig kan word.

## LITERATUURLYS

### Aangehaalde werke:

1. SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, deur J.B. Haasbroek, C.R. Liebenberg e.a. Pretoria, die Buro, 1967.
2. SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Verslag van die Komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake gedifferensieerde onderwys, deur die Komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting. Pretoria, die Buro, 1967.
3. GOUWS, S.J.L. "Die waarde van 'n persoonsbeeld by die onderwys van die subnormale kind". Educa 19(4), Sept., 1967: 33.
4. VAN DEN BERG, J.H. The phenomenological approach to psychiatry. Springfield, U.S.A., C.C. Thomas, 1955.
5. VAN DER STOEP, F. "Oor die kwessie van leerstof as probleem van die didaktiek". Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 5(2): 213.
6. HUEBSCH, J.C. "Die taalontwikkeling van die kind". Die Unie. 64(4), Okt. 1967: 211-212.
7. VAN DER STOEP, F. "Oor die leeropdrag as opgaaf aan die onderwyser". Onderwysblad. Nr. 779, deel LXXI, Sept. 1964: 231.
8. MEYER, P.J. Moedertaal en tweetaligheid. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1945.
9. VAN DER WALT, J.L. Die voertaalvraagstuk in die Kaap-provinsie. M. Ed., 1944, Unisa.
10. MALHERBE, E.G. Die tweetalige skool. Johannesburg, Rostra, 1943.
11. MACNAMARA, John. Bilingualism and primary education. Edinburgh, University Press, 1966.
12. UNESCO. "Second language teaching in primary and secondary schools". Education Abstracts. XIII (3), 1961.
13. EGGER, Eugen. "Das Schulwesen in der Schweiz: Probleme und tendenzen". International Review of Education. XIII (2), 1967: 166.
14. DAVIES, R.E. Bilingualism in Wales. Cape Town, Juta & Co., 1954.
15. ONDERWYSORDONNANSIES.
 

a. Transvaal	: Ord. no. 19 van 1949.
b. Kaapland	: Ord. no. 20 van 1956.
c. Oranje-Vrystaat	: Ord. no. 16 van 1954.
d. Natal	: Ord. no. 23 van 1942.
e. Suidwes-Afrika	: Ord. no. 27 van 1962.

16. DE MEEDE, Johannes. "Die parallelschool". Die Huisgenoot. 25 Jan., 1946: 17, 55.
17. KERKLIKE KONGRES OOR ENKELMEDIUMSKOLE, PRETORIA. Die behoud van die Afrikaanse skole, P.M. van der Lingen. "Die inwendige moeilikhede van dubbel en parallelmediumskole". p. 19-26.
18. BOTES, Edmund. Die taalmediumvraagstuk. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.
19. BASSON, M.A. Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944.
20. NEL, B.F. Die stryd om enkel- en parallelmedium skole (Soek en leer reeks no. 11). Onder redaksie van Dr. R. Bigalke en Dr. T.G. Nel. (Staatsbib.).
21. COETZEE, J. Chris. "Die parallelmediumskool" Inspan, 2(2), Nov. 1942 : 3-4.
22. STEYN, H.A. "Die voor en teë van die enkel- en van die dubbel-mediumskool". Koers. X (2), Okt. 1942,: 61-68.

Ander geraadpleegde werke.

A. Boeke

1. BOTHA, L.N. Die stryd om moedertaalonderwys in Natal. Johannesburg, F.A.K. 1944.
2. COETZEE, J. Chr. e.a. Beginnels en metodes van die laer onderwys. Pretoria, van Schaik, 1947.
3. COETZEE, J. Chr. e.a. Beginnels en metodes van die middelbare onderwys. Pretoria, van Schaik, 1947.
4. DE WAAL, J.J.S. An investigation into the influence of the medium of instruction on the scholastic attainment of Afrikaansspeaking pupils in English-medium schools. M.Ed., 1943, Unisa.
5. JONES, W.R. Bilingualism in Welsh Education. Cardiff, University of Wales Press, 1966.
6. JONES, W.R. Bilingualism and intelligence. Cardiff, University of Wales Press, 1959.
7. KEYTER, J. De W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.
8. LOGIE, E. Turpin. An investigation into the effect of medium of instruction on the attainment of school pupils in (1) single medium schools (2) dual-medium schools (3) parallel-class schools, as evidenced by the work tested in certain schools in Cape Town, Paarl and Stellenbosch. B.Ed. 1933. University of Cape Town.
9. NEL, B.F., BOTES, Edm., KRITZINGER, J.N.J. Memorandum insake uitstelling van die tweede taal tot na die derde skooljaar. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944.

10. VAN ROOYEN, Benjamin. A comparison of the vocabulary assimilation of monoglot and bilingual children of schoolgoing age, and an examination of certain findings of some Welsh investigators on the problem of bilingualism, with special reference to South African conditions. M.Ed., 1938, Unisa.

B. Tydskrifartikels

1. COETZEE, J. Chris. "Mediumvraagstuk by die openbare onderwys". Inspan, 1(12), Sept. 1942 : 20, 23.
2. REDAKSIONEEL. "Die moedertaalstryd". Inspan, 4(4), Jan. 1945 : 1, 2.
3. COETZEE, J. Chr. "Die enkelmediumskool". Inspan, 2(1), Okt. 1942 : 7, 8.
4. COETZEE, J. Chr. "Die parallelmediumskool". Inspan, 2(2) Nov. 1942 : 3, 4.
5. COETZEE, J. Chr. "Die dubbelmediumskool". Inspan, 2(3), Des. 1942 : 9, 21.
6. NEL, B.F. "Die betekenis van die moedertaalskool vir die nasionale vorming van ons jeug". Koers, X(5), Apr. 1943 : 187-194.
7. EDITORIAL. "A Bold experiment". The Mentor, XXIV(7), Oct. 1942 : 2, 3.
8. HELLBERG, W.H.C. "Dual-medium instruction". The Mentor, XXIV(9), Dec. 1942 : 10-13.
9. BRADLEY, E. "A school principal views dual-medium instruction". The Mentor, XXIV(9), Dec. 1942 : 14-15.
10. EDITORIAL. "Bilingual education". The Transvaal Educational News, XLI(6), June-July 1945 : 1-3.
11. MALHERBE, E.G. "The Bilingual Medium School". The Transvaal Educational News, XL(4), Apr. 1944: 15-19.
12. REDAKSIONEEL. "Enkelmediumskole". Die Unie, 36(7), Jan. 1941 : 210.
13. REDAKSIONEEL. "Weer enkelmediumskole". Die Unie, 36(8), Feb. 1941 : 235.
14. J.G.M. "Enkelmediumskole". Die Unie, 36(12), Junie 1941 : 372-375.
15. J.G.M. "Die Transvaalse reaksie op die regering se dubbel-medium-planne". Die Unie, 41(3), Sept. 1945 : 56-57.
16. GRANT, W.F. "Dual medium education". Education. LIII(9), Sept. 1943 : 101.
17. E.A.B. "The Language question - another suggestion." Education, LIV(3), March 1944: 170.  
: "Beskrywingspunte. Antwoorde van die Departement op ons beskrywingspunte 1. Moedertaalonderwys". Onderwysblad, 49 (560) Nov. 1946 : 19.

18. REDAKSIONEEL. "Vrystaat gee voorkeur aan moedertaalmedium". Die Skoolblad, no.4, Apr. 1945 : 2-3.
19. REDAKSIONEEL. "Administrateurspleidooi vir dubbelmediumon-derrig". Die Skoolblad, no.4, Apr. 1945 : 3-4.
20. LUNN, Leif H.. "Bilingual Children". Childhood Education, 39(7), March 1943 : 331-332.
21. LAMBERT, Wallace E. "Psychological Approaches to the study of Language: Part II: On Second-language learning and bilingualism". The Modern Language Journal, XLVII (3), March 1963: 114-121.
22. FISHMAN, Joshua A. "The status and prospects of Bilingualism in the United States". The Modern Language Journal, XLIX (3), March 1965 : 143-155.
23. ANDERSON, Theodore. "A new focus on the bilingual child". The Modern Language Journal, XLIX (3), March 1965 : 156-160.
24. CHRISTIAN, Chester C. "The acculturation of the bilingual child". The Modern Language Journal, XLIX (3), March 1965: 160-165.

C. Koerantartikels

1. GOETZEE, J. Chris. "Saamopvoeding maak nie een volk". Dagbreek en Sondagnuus, Seksie I: 10 September 1967 : 2.
2. DREYER, P.S. "Politici moet nie hier kom lol". Dagbreek en Sondagnuus, Seksie I: 10 Sept. 1967 : 2.
3. NEL, B.F. "Vermenging sal lei tot ontaarding". Dagbreek en Sondagnuus, Seksie I: 10 September 1967 : 2.
4. HOOFARTIKEL REDAKSIONEEL. "Twee volke?". Die Beeld, 1 Okt. 1967 : 10.
5. PIENAAR, Schalk. "Gesindhede, Taal en Politiek". Die Beeld, 1 Okt. 1967 : 10.

D. Amptelike stukke

1. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Wet om aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap sekere bevoegdhede te verleen ten opsigte van die beleid wat gevolg moet word by die verskaffing van onderwys aan blankes in sekere skole, en om voorsiening te maak vir die instelling van n Nasionale Adviserende Onderwysraad en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan. No. 39, 1967.
2. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1963. Pretoria, die Dept., 1965-66.
3. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, SWA. Jaarverslag 1966. Windhoek, die Dept., 1967.
4. ONDERWYSDEPARTEMENT, PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT. Rapport oor die jaar geëindig 31 Des. 1963. Bloemfontein, die Dept., 1964.

5. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KAAP DIE GOEIE HOOP. Verslag van die Superintendentgeneraal van Onderwys oor die jaar 1965.  
Kaapstad, die Dept., 1966.
6. PROVINSIE NATAL. Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1965.
7. SUID-AFRIKA, Dept. O.K.W. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1966. Pretoria, die Dept., 1966-67.



Handwritten text at the top left corner, possibly a page number or header.

2

RG N BIBLIOTEEK	HSRC LIBRARY
--------------------	-----------------



